

14 Junie

Skrifgedeelte: Lukas 18:35-43

Fokusgedeelte: Lukas 18:43

Hoe kan 'n mens oor God se wonderwerke stilbly?

Iemand merk eendag op oor getuïenisse in die kerk: Ons hoor baie op die kansel wat die Here kan en gaan doen. Hoekom vertel ons nie meer van die wonderwerke wat Hy reeds gedoen het nie?

Baie keer dink ons mense met 'n kragtige getuïenis oor hulle geloof klink dweperig of onordelik. Onthou: Sondaars in nood se lewens is baie keer onordelik. As die Here die lewe dan drasties omkeer, wil hulle jubel. Die kontras tussen wat hulle was, en nou is, is net te groot om stil te bly. Hulle styl is dalk nog nie so "gereformeerde" soos ons kerkmense s'n nie, en dit pla soms. Ons hou hulle dus maar stil in die kerk.

Voor die blinde bedelaar genees is, klink hy ook taamlik lawaaierig. Hy was immers desperaat! Hy skree agter Jesus aan. Maar die mense sê: Nee, moenie so raas nie! (vs. 39). Hulle het natuurlik nie verstaan wat hy deurmaak nie.

Jesus hoor egter sy kreet. Hy verstaan sy nood – en toe verlos Hy hom. Toe moes jy die man hoor! Dalk was skree nie meer nodig nie, maar sy loflied het waarskynlik harder geklink as ons gemiddelde lofprysing! Hy loop en prys die Here. En die beswaarmakers gee self ook nou aan God die eer! (vs. 43).

Oor God se wonders in jou lewe kan en mag jy nie stilbly nie. Ek is seker die Here het ook nie 'n probleem daarmee as 'n ietwat "onordelike", maar opregte Christen Hom loof nie. Die wonder van verlossing in 'n sondaar se lewe is immers so ingrypend!

Sing: Skrifberyming 5-3:5

Ds. KA J van Rensburg (Paarl)